



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

INTERMEDIËRE FASE

GRAAD 6

NOVEMBER 2016

AFRIKAANS HUISTAAL V2

PUNTE: 40

TYD: 1 uur

NAAM: _____



Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:
AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP (25 punte)
AFDELING B: TAAL (15 punte)
2. Beantwoord al die vrae.
3. Vul die antwoorde op die vraestel in.
4. Skryf netjies met blou of swart ink.
5. Lees die instruksies by AL die vrae versigtig deur voordat jy dit beantwoord.

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die onderstaande tydskrifartikel mooi deur en beantwoord dan die daaropvolgende vrae.

ONS KINDERS IS ONGESOND

1. Die manier waarop ons lewe, lei tot ongesonde kinders. So waarsku dr. Ali Kamffer, raadgewer van die *Sure Slim*-groep nadat Discovery Vitality 'n verslag wat almal geskok het, bekend gemaak het. Dit gaan oor Suid-Afrikaanse kinders se gesondheid.
2. Volgens die verslag is een uit elke vyf kinders vet en eet hulle drie maal per week wegneemetes. Dr. Kamffer sê a.g.v. verkeerde eetgewoontes en 'n swak lewensstyl, ly al hoe meer jongmense aan siektes soos diabetes, hoë cholesterol, hartprobleme en eetsteurnisse. Die siektes kom voor by vet kinders en tieners wat geen oefening doen nie. Die leerders is baie onaktief.
3. Dr. Kamffer sê dat hierdie probleem deur man en muis in Suid-Afrika aangepak moet word. Skole se leerplanne moet goeie eetgewoontes insluit en kinders moet van jongs af geleer word om gesond te eet.
4. Navorsers bestaande uit dokters, lede van die regering, akademici en nie-regeringsorganisasies het die verslag saamgestel.
5. Suid-Afrika het van die wêreld se beste wetgewing teen rook- en drankmisbruik en tog rook en drink 'n derde van Suid-Afrika se kinders.
6. Kinders doen ook min oefening deesdae. Volgens dr. Morris moet sport verpligtend wees vir alle leerders. Kamffer gee die volgende wenke aan kinders en ouers om gesond te lewe.
 - Moenie baie vrugtesap drink nie omdat dit versoet is en kinders te veel energie gee.
 - Drink baie water, wat verniet is, vermy koffie, tee en Milo.
 - Bly weg van kitskosse, dit bevat baie vet en suiker. Eet gereeld vrugte en groente.

Verkort en verkry uit " Afrikaans sonder grense"



- 1.1 Beantwoord die volgende vraag in 'n volsin.
Watter organisasie het navorsing oor die eetgewoontes van Suid-Afrikaanse kinders gedoen?
-
- (1)
- 1.2 Noem TWEE redes waarom kinders volgens dr. Kamffer hoë cholesterol het.
-
- (2)
- 1.3 Onderstreep die antwoord wat nie pas nie.
Kinders ly aan diabetes omdat hulle ...
- A vet is.
B baie groente en vrugte eet.
C geen oefening doen nie. (1)
- 1.4 Verskillende navorsers het tot die verslag bygedra, soos ...
- A lede van die regering.
B akademici.
C ouers. (1)
- 1.5 Is die volgende stelling waar of onwaar? Motiveer jou antwoord deur 'n sin uit die artikel uit paragraaf drie aan te haal.
Almal moet help om die probleem op te los.
-
- (2)
- 1.6 Beantwoord die vraag in 'n volsin.
Hoekom, volgens die artikel, is dit goedkoper om water te drink?
-
- (1)
- 1.7 Haal EEN woord uit die **hoofopskrif** van die berig wat sê dat ons kinders nie gesond is nie.
-
- (1)
- 1.8 Dink jy vrugtesap is gesond vir kinders?
Ja OF Nee en motiveer jou antwoord met 'n goeie sin vanuit die teks.
-
- (2)
- 1.9 Omkring die letter met die korrekte antwoord.
Wat word bedoel met nie-regeringsorganisasie?
- A 'n Organisasie waar die regering mense help.
B 'n Organisasie wat deur die regering bestuur word.
C 'n Organisasie waar die regering nie betrokke is nie. (1)
- 1.10 Voltooi die volgende sin deur die ontbrekende woord in te vul
Een uit elke _____ kinders in Suid-Afrika is vet. (1)

1.11 Beantwoord die vraag in 'n volsin.
Watter oplossing bied prof. Morris vir die onfiksheid van kinders?


(1)

1.12 Haal 'n **woord** uit die leesstuk wat dieselfde beteken as (om passief te wees).

(1)
[15]

VRAAG 2: GRAFIEK

Die grafiek hieronder dui aan van watter sportsoorte kinders die meeste hou.



Gebruik die grafiek en beantwoord die volgende vrae.

2.1 Waarom verkies die minste leerders om te swem?

(1)

2.2 Omkring die korrekte antwoord.
Volgens die grafiek hou die meeste leerders van **(atletiek, netbal en rugby)**.

(1)

2.3 Indien dit baie warm in 'n omgewing is, watter sportsoort sal leerders dan liewer verkies om te beoefen? Waarom sê jy so?

(2)
[4]

VRAAG 3: DIGKUNS


Lees die gedig “Die Stêre” deur en beantwoord die onderstaande vrae.

Die Stêre

(’n San-mite soos opgeteken deur o.a. G.R. von Wiellig)

Die Son slap onder die kombes
So oud soos die heelal
Met honderdduisend gaatjies
Waardeur die sonlig val

Die gaatjies noem ons stêre,
Wat groot kan wees of klein
Soos die aandstêr, dagstêr, Sewe Susters
Wat in die donker skyn.



[Deur Hennie Aucamp, ongepubliseer]

3.1 Beantwoord die volgende vraag in ’n volsin:

Uit hoeveel strofes bestaan die gedig?

_____ (1)

3.2 Voltooi die volgende sin.

Die woord **heelal** rym met die woord _____ in die gedig. (1)

3.3 Haal ’n voorbeeld van personifikasie uit die gedig.

_____ (1)

3.4 Omkring die korrekte antwoord.

Watter soort **beeldspraak** tref ons in die volgende sin aan?

“Wat groot kan wees of klein”

- A Alliterasie
B Personifikasie
C Vergelyking (1)

3.5 Niemand ken die gedig nie. Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord met **EEN woord** uit die gedig.

_____ (2)
[6]

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B: TAAL IN KONTEKS

VRAAG 4: 'N STROKIE

Kyk na die strokies en beantwoord dan die taalvrae.



4.1 Skryf die volgende sin oor in die **lydende vorm**.
Die onbeskofte seun tart die meneer. _____ (1)

4.2 Gee 'n **antoniem** (Teenoorgestelde) vir die onderstreepte woord.
Neelsie weet dat hy die wenner van die kompetisie gaan wees. _____ (1)

4.3 Sê watter soort sin die onderstaande sin is, bv. *Waar is my boek?* Vraagsin
Meneer is regtig nie lus vir speletjies nie. _____ (1)

4.4 Skryf die volgende vraag in die **ontkennende vorm**.
Doen Neelsie dan nooit sy huiswerk by die huis? _____ (1)

4.5 Skryf meneer se woorde oor in die **indirekte rede**. (Raampie 2)
“Ek is nie lus vir speletjies nie.” Begin so:
Meneer sê _____ (2)


4.6 Gee die **intensiewe vorm** van die woord tussen hakies.
 Meneer is (baie kwaad) vir Neelsie. _____ (1)

[7]

VRAAG 5: VISUELE TEKS

Die taalvrae wat volg, is op die visuele teks gebaseer.

JUSTIN BIEBER, bekende sanger, op die kassie.



- 5.1 Verander die volgende sin vanaf die verlede tyd na die **teenwoordige tyd**.
Justin het daarvan gehou om hokkie, sokker en skaak te speel.

_____ (1)

- 5.2 Maak twee **enkelvoudige** sinne van die onderstaande saamgestelde sin.
Ek weet ook dat geleerdheid belangrik is, en ek wil aanhou leer en universiteit toe gaan.

Sin 1 _____

Sin 2 _____ (2)

- 5.3 Kies die korrekte **spelling** van die woord tussen hakies.
Justin is baie lief vir sy (**famielie, familie, family**).

_____ (1)

- 5.4 Skryf die **regte vorm** van die woord neer:
Justin oefen (**elke dag**) om beter te kan sing.

_____ (1)

- 5.5 Soek die **bywoorde** in die volgende sin en sê of dit 'n bywoord van tyd, plek of wyse aandui.
Justin moet vanmiddag gaan oefen.

_____ (1)

- 5.6 Gee die **verkleining** van die woord tussen hakies:

Justin sê: "Ek het al vroeg in my lewe besef dat (**besittings**) nie die belangrikste ding is nie."

_____ (1)

- 5.7 Kyk na die sin: Justin Bieber sing elke dag.
Wat is die **gesegde** in die sin?

_____ (1)

[8]

TOTAAL AFDELING B: 15
GROOTTOTAAL: 40